



Trotse Prestasie Van N. G. Gemeente In Suidwes

MET die hoeksteenlegging van die sierlike kerkgebou van die N.G. gemeente, Keetmanshoop, S.W.A. a.s. naweek word 'n mylpaal behaal waarop lereer en gemeentelede met reg trots kan wees. Hierdie gemeente wat slegs 20 jaar oud is, en gedurende dié tyd twee wyke moes aftig as afsonderlike gemeentes, bereik die voorlaaste stap voor die ingebruikneming van sy pragtige nuwe kerkgebou na jare van uiterste inspanning en opoffering.

Interessant i.v.m. die hoeksteenlegging is dat die steen deur 'n voormalige leraar van die gemeente, ds. S. van der Spuy, uit Jerusalem gebring is, waar hy dit self uit die steengroef van Salomo se tempel gekap het.

Keetmanshoop het jarelank vanweë die druk van geldelike omstandighede gesukkel om kop bo water te hou en alleen die besluit in 1934 om elke lidmaat te vra om 'n volle tiende van sy inkomste vir die kerk te gee, het hom weer op die been gebring. Hoewel eers in November 1941 daartoe oorgegaan is om te organiseer vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou vir die gemeente is reeds £11,000 byeengebring en hoop die gemeente om sy kerkskuld spoedig af te los. Die nuwe kerkgebou sal meer as £17,000 kos en sal sitplek bied vir 1,200 mense.

Vir die insameling van die geld was di. J. D. Roos en S. van der Spuy vernaamlik verantwoordelik. Die huidige leraar, ds. J. R. Holzapfel is onlangs daar bevestig.

Die preekstoel van die nuwe kerk word deur die Sondagskool en Stewers geskenk en die koste daarvan beloop £350.